



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

**PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)
BUITELANDS 40c ABROAD
POSVRY · POST FREE**

Vol. 204]

KAAPSTAD, 2 JUNIE 1982

[No. 8222

CAPE TOWN, 2 JUNE 1982

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1084.

2 Junie 1982.

No. 1084.

2 June 1982.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 72 van 1982: Wet op Intimidasie, 1982.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 72 of 1982: Intimidation Act, 1982.

WET

Om sekere vorms van intimidasie te verbied en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 22 Mei 1982.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Verbod op en strawwe vir sekere vorms van intimidasie.

1. (1) Iemand wat sonder wettige rede en met die opset om 'n bepaalde persoon te dwing of te beweeg om iets te doen of nie te doen nie of om 'n bepaalde standpunt in te neem of te laat vaar— 5

(a) daardie persoon of iemand anders aanrand, beseer of skade berokken; of

(b) op enige wyse dreig om daardie persoon of iemand anders te dood, aan te rand, te beseer of skade te berokken; 10

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintigduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf. 15

(2) By 'n vervolging weens 'n misdryf bedoel in subartikel (1) berus dit by die beskuldigde om die bestaan van 'n wettige rede soos beoog in daardie subartikel te bewys, tensy voor die afsluiting van die saak vir die vervolging 'n verklaring wat die bestaan van so 'n wettige rede duidelik aantoon, deur of namens die beskuldigde gedoen is. 20

Herroeping van wette.

2. Artikels 10 tot en met 15 van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956 (Wet No. 17 van 1956), word hierby herroep.

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Wet op Intimidasie, 1982.

ACT

To prohibit certain forms of intimidation and to provide for matters connected therewith.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 22 May 1982.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

- 1 (1) Any person who without lawful reason and with intent to compel or induce a particular person to do or to abstain from doing any act or to assume or to abandon a particular standpoint—
- 5
- 10 (a) assaults, injures or causes damage to that person or any other person; or
- (b) in any manner threatens to kill, assault, injure or cause damage to that person or any other person,
- shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding ten years or to both such fine and such imprisonment.
- 15 (2) In any prosecution for an offence under subsection (1), the onus of proving the existence of a lawful reason as contemplated in that subsection shall be upon the accused, unless a statement clearly indicating the existence of such a lawful reason has been made by or on behalf of the accused before the close of the case
- 20 for the prosecution.
2. Sections 10 to 15, inclusive, of the Riotous Assemblies Act, 1956 (Act No. 17 of 1956), are hereby repealed.
3. This Act shall be called the Intimidation Act, 1982.

Prohibition of and penalties for certain forms of intimidation.

Repeal of laws.

Short title.

